

Van die lessenaar

Aan almal wat dié by Avi Africa lees: welkom by die skou, die konferensie en die 109^{ste} Kongres van die Suid-Afrikaanse Pluimvee-vereniging! Ons hoop ons sien julle ander by sulke toekomstige geleenthede.

SAPV strategie

Die vier Algemene Jaarvergaderings en die SAPV Kongres wat op 23 Junie gehou word, is die mees beduidende nog. Ons hoop om die SAPV in 'n vorm te herskep wat die besigheids-, sosiale en politieke omgewing weerspieël waarin ons nou leef. Ons is deel van die globale dorpie – sterk beïnvloed deur tendense, reëls en verwagtinge wat elders geskep word. Ons is die belangrike verskaffer van diereproteïene in 'n land en vir 'n land wat die verhouding tussen al sy mense moet herstel en wat moet help om demokrasie vir die siel te bring. Ons kan dit slegs doen as ons die meerderheid Suid-Afrikaners die kans gee om te glo in die hoop dat hulle hul eie lewens en die van hulle kinders kan verbeter. Ons is maar 'n klein deeltjie van ons ekonomie, maar ons rol moet so groot moontlik wees, want om te lei is om te dra, en hoop het 'n kampioen nodig. Ek hoop die meerderheid van julle kan sien hoe opwindend dié geleenthede kan wees.

Die proses by Avi Africa is soos volg:

- Die vier filiale sal elk stem oor die nuwe grondwet wat aan alle lede gestuur is.
- Na die filiale die grondwet, met al die wysigings wat vóór Avi Africa aan alle lede vir oorweging voorgelê is goedgekeur het, sal die Kongres dit gebruik om die nuwe ledestrukture en grondwet goed te keur.
- Die uitkoms is drie verenigings binne die lede-strukture, naamlik 'n nuwe Eierorganisasie (waarin alle deelnemers binne die eierindustrie 'n plek kan vind), 'n nuwe Braaikuikenorganisasie ('n tuiste vir alle braaikuiken-mark deelnemers) en 'n SAPV Raad wat die verenigende liggaam is vir die twee organisasies.
- Die aanvanklike leierskap vir die produsente-organisasies en die Raad sal deur die Bestuurskomitee bepaal word. 'n Normale demokratiese stem sal van Kongres 2016 af geld. Dit sal voorsiening maak vir die onafgebroke bestuur van lede terwyl ons die veranderende stelsel in werking stel.
- Die sekretariaat sal ook verander om die nuwe doel en hersiene befondsingstruktuur te weerspieël. Hoewel ons reeds ons struktuur verander het ná die heffing- en befondsingbehoefte-projek, is ons nou besig met die tweede, en hopelik laaste rondte van dié proses. Dit is 'n ontstellende tyd vir almal.
- Nadat die Kongres voltooi is is alle lede genooi om saam 'n verwelkomings-drankie te drink om die nuwe SAPV te vier.
- Ons het met een eienaardigheid te doen om te herhaal wat ek verlede maand gesê het: die nuwe SAPV kan net ingewy word nadat dit deur SARS goedgekeur is. Dit behoort nie langer as 'n paar maande te neem nie en die 'ou' SAPV sal intussen voortgaan.

Handel

Die SAPV sou vroeg in Junie die Amerikaanse pluimvee belanghebbendes in Parys ontmoet en ook die twee betrokke regerings om Amerika se pluimvee-eise te bespreek wat deel van AGOA is. Daar is 'n groot verandering in die manier hoe die onderhandelinge tot dusver hanteer is omdat die twee regerings eenkant gebly het: Amerika omdat hulle glo hulle het geen mandaat om in te meng nie, en ons regering omdat hulle wil hê ons moet dit direk oplos. Die betrokkenheid van die twee regerings veroorsaak meer nie-amptelike onderhandelinge oor kleiner sake. Terwyl ons oor volume-gebaseerde kwotas kan ooreenkom, kan ons dit nie toeken of bestuur nie. Daar is 'n aantal gebiede waaroor die twee regerings jurisdiksie het en ons as industrie ontwyk. Die vergadering word in Parys gehou omdat die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) terselfdertyd 'n vergadering hou. Dit beperk uitgawes en politieke en tegniese konsultasies kan terselfdertyd

plaasvind. Ons sal lede gedurig op hoogte hou indien enigiets verander. Kontak my gerus as julle onseker is oor waar ons in die proses is.

Ek is seker julle het opgemerk die regering is deeglik bewus daarvan dat ons land waarskynlik nie weer dieselfe voordele wat ons met die eerste herhaling van AGOA toegeval het, in die tweede herhaling sal kry nie - selfs al bly ons op die AGOA begunstigde-lys. Omdat ons geen nuwe produkte by die AGOA-lys gevoeg het nie, is die enigste moontlikhede vir groei met bestaande produkte en dit lyk of dié nie groot genoeg mededingende voordeel het om die Amerikaanse mark suksesvol te betree nie. Die onafgehandelde groot handelsooreenkomste tussen Amerika en heelwat van die lande rondom die Stille Oseaan sal moontlik in elk geval 'n negatiewe uitwerking op ons marktoegang hê. Dit is afgesien van die verskeie nuwe klousules wat in die finale wetsontwerp verwag word wat ons geleenthede potensieel kan laat krimp.

Uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt beweeg AGOA in 'n afslag-rigting wat meer gepas is vir nywerhede wat uitvoere van 'n bestaande kapitaalbasis af kan vermeerder eerder as dié wat sou moet belê om toegang tot die Amerikaanse mark te verkry. Feit is dat beleggingsbesluite op grond van AGOA is soos om geld in 'n casino te spandeer – jy kan nêr verloor.

Hoekom is ons betrokke? Ons is aktiewe deelnemers omdat Suid-Afrika handelsvennote nodig het – núwes. Ons land kan ook meer krimp sônder AGOA as wat ons sou weens die Amerikaanse misbruik van die proses in terme van die hoender teenstortingstariewe. Ons het bykomende markte nodig vir uitvoere, veral vir goedere op toegevoegde waarde, of anders sal ons sukkel om meer vaardighede, en die gepaardgaande lewensverbetering van meer Suid-Afrikaners, te skep. As ons nie 'n suksesvolle verhouding met Amerika kan hê nie, sal ons elders kyk. Ons handelsverhouding met Amerika is kleiner as met sommige ander markte, maar was tot dusver gebalanseerd. Dit is gedeeltelik weens AGOA.

Byna 80% van die voordele gaan na die motornywerheid toe. Hulle het groot beleggings en werkers word relatief goed betaal. AGOA bevoordeel slegs 21% van ons uitvoere na Amerika toe, so dit is nie net slegte nuus nie omdat die meeste van ons uitvoere na Amerika toe sal voortgaan. Ons moet erken dat ons 'n soewereine staat is en as Amerika van ons verskil oor 'n paar nasionale beleidskwessies moet dit opgelos word deur middel van verskeie vorme van bilaterale betrokkenheid eerder as druk sonder ware onderhandeling om te bereik wat nodig is. Gesprek maak voorsiening vir 'n beter toekomstige verhouding. Meningsverskille is gewoonlik geneig om openlike gesprek vir 'n tydjie te strem. Ek glo dat die twee lande genoeg gemeenskaplike grond sal vind om met 'n moderne verhouding voort te gaan waar gemeenskaplike belange herinnering sal troef.

AGOA is 'n toegewing of geskenk, nie 'n ooreenkoms nie. Selfs met die senaat-verpligte buite-siklus-oorsig (wat moontlik kan verval na die senaatshuis gestem het) sal Amerika steeds die terme daarstel. Dit is wat gebeur met geskenke. Wat ook al die belyding oor die buite-siklus-oorsig is ons nie seker of Amerika ons huidige toegang tot AGOA sal kanselleer nie. Omdat AGOA 'n geskenk is kan dit enige tyd weggeeneem word. Die Amerikaanse administrasie sal hul eie kosteberekenings doen voordat hulle 'n besluit neem. Die buite-siklus-oorsig moet binne 30 dae ingewy word nadat president Obama die wetsontwerp onderteken het. Daar is egter geen sperdatum vir die voltooiing van die hersiening nie. Dit beteken dat die saak moontlik vir 'n paar maande uitgereg kan word. Die Wet op Sekuriteitsnywerhede, wat deur die president onderteken moet word, is nou ook 'n AGOA-belang en ek verwag nog ander sake gaan in die volgende tydjie by die lys gevoeg word.

Ons het die saak gesamentlik met ministers Davies en Zokwana bespreek omdat die Department van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) verstaanbaar bekommerd is oor die inkrimping van hul grootste sektor en die negatiewe uitwerking wat dit op die transfarmasie-geleenthede wat die bedryf die regering bied kan hê. Ons het ook met minister Davies en die tegniese spanne van DAFF en die dti ontmoet om vir die Parys-vergadering voor te berei. Die ontmoetings was gedetailleerd en positief en alle partye sal hul bes doen om die mees aanvaarbare uitkoms te bekom. Ons het ook met die Voedsel- en Verwante Werkers Unie ontmoet omdat hulle bekommerd is oor die moontlike effek op hulle lede indien die nywerheid krimp en werksgeleenthede verlore gaan. Ons is bewus van julle besorgdheid as belanghebbendes oor die impak wat dit moontlik op julle besighede mag hê.

Invoervlakke vir 2015 is weer hoog met die terugkeer van die drie EU nasies wat onder die voëlgriep-uitbrake gelyk het. Dit is duidelik dat ons probleem sonder doeltreffende optrede sal voortgaan. Ons sal so gou as moontlik meer inligting oor die proses verskaf. Wat alle belanghebbendes moet besef is handelswerk is soos om 'n lekkende dam te stuit - wanneer een gat reggemaak is verskyn 'n ander. Die werk sal seker voortduur so lank as wat geld maklik deur invoere gemaak kan word.

Voëlgriep

Dr Charlotte Nkuna sal die jaar help om 'n sessie by die jaarlikse algemene vergadering van die Internasionale Organisaie vir Dieregesondheid (IOE) aan te bied oor hoe ons kompartementstelsel werk. Sy sal na die tyd verslag doen, maar die idee is om die angel uit die taal te haal wat nou wêreldwyd die rondte doen. Daar is 'n glimimer van 'die ander' in die huidige rondte van emosionele getier. Die ontwikkelde lande het gedink voëlgriep-probleme is net vir die onderontwikkelde en dat dit hulle op die ergste net dan en wan sou tref. Die omvang en erns van die huidige uitbraak in Amerika vertel 'n ander storie – dié van 'n nasie wat glo dat hulle 'n baie goeie veeartsenykundige bestuurstelsel het en 'n groot hoeveelheid vaardigheid in pluimveeproduksie. Tog is hulle onbevoeg om die verspreiding van die siekte te verhoed. Dit beteken nie dat ons moet dink ons is onvatbaar nie, want die verskeie volstruis-uitbrake wys dat die siekte wel in Suid-Afrika voorkom. Ek sal in Junie met die Internasionale Elektrotegniese Kommissie (IEC) gesprek voer oor die beste manier om die eiernywerheid te help met die nagevolge van die huidige uitbrake. Wat kan ons doen? Ons dink die pluimveebedryf moet in ag neem dat voëlgriep as langtermyn risiko en / of probleem vir die volhoubaarheid van die bedryf gesien moet word. Ons moet die IOE vra om sy pogings om die siekte te bestuur te versterk. In besonder dink ons dat:

- In die lig van die geografiese omvang en volharding van die huidige rondte van die uitbraak moet die OIE die bespreking oor aanvaarbare vlakke van beskerming (ALOP) heropen. Soos die kennis van die siekte met verloop van tyd toegeneem het, is die vereiste om grense langs gebiede te sluit waar uitbrake onder wilde voëls en in lae patogeniese gebiede voorkom, gewysig. Miskien is dit nou tyd om te oorweeg of handelsbetrekkinge tussen lande gehandhaaf kan word met verdere verslappings terwyl hulle ALOP in stand hou. Hoe om afgeleë siektes te hanteer soos H7N9 wat soönoties is maar nie hoogs patogenies vir voëls nie, moet hier in gedagte gehou word;
- Om die riglyne vir kompartemente in 'n formele standaard te ontwikkel, insluitende die Terrestriale Kode van die IOE;
- Om 'n formele afdeling in die Terrestriale Kode in te sluit oor die hanteering van verwerkte produkte. Die produkte kan dan vrylik verhandel word indien die verwerkingsmetode getoets is vir die uitsluiting van virusse;
- Om aanvanklik te fokus op die ontwikkeling van kompartemente vir telers, veral op grootouer en hoër vlakke. Dit is dié segmente van die bedryf wat die medium- na langtermyn stabiliteit die meeste beïnvloed. Die voëls word ook in relatiewe hoë biosekuriteit-omgewings gehou; en
- Om die bevordering van navorsing in die oorgang van die lae patogeniese vorm van die siekte na die hoë patogene vorm te oorweeg. Dit is duidelik dat heelwat openinge nodig is vir die oorgang en daar is beperkte inligting oor hoeveel openinge en wat die belangrikste oorsake kan wees.

Wat ons volgens my nie moet ondersteun nie is:

- Die druk wat uitgeoefen word weens die huidige uitbrake moet nie gebruik word om die beginsel van wetenskapgebaseerde reëls te kniehalter wat die produksie en handel van die produkte lei nie; en
- Alle versoek vir verandering moet op kontroleerbare data gebaseer word wat deur die Hoof Veeartsenykundie beamptes van die verskeie lande aan mekaar verskaf word. Die private sektor se rol is om die owerhede te help, nie om hulle te ignoreer nie.

Onafhanklike Vleisinspeksie

Die rooivleisbedryf het die regering hof toe gesleep oor die vertraging van die inwerkstelling van die Onafhanklike Vleisinspeksie-skema. Die uitkoms was dat beide partye ingestem het om die implementeringsprogram te versnel. Dit is ook op ons van toepassing. Ons werk al 'n paar jaar saam met die regering hieraan. DAFF het ons voorstel op tegniese vlak aanvaar, maar ons het nog geensins op politieke vlak gevorder nie. Die groot vervaardigers het die geleentheid gebruik om 'n vrywillige skema aan DAFF voor te stel wat DAFF met toewysings kan implimenteer terwyl die res van die implimenteringsproses ontvou. Dit sal help om die agenda óp te stel eerder as om dit net te volg. Dié benadering sal die bedryf en DAFF help om te sien wat die beste in die praktyk werk en nie werk nie. Wanneer 'n formele regulering dan gepubliseer word sal die inhoud tegnies waarkynlik meer geldig en prakties wees.

Pekelwater

Dit was in Maart die SAPV en die Vereniging vir Vleis-invoerders en -uitvoerders se beurt om hul saak aan die Parlementêre Portefeuljekomitee voor te lê. Aan die einde van April het DAFF die kans gehad en het die Portefeuljekomitee ingelig dat die Departement van Gesondheid die pekelwater-stelsel heeltemal wil verbied. 'n Mens wonder op wase regsgronde hulle dit wil doen omdat die veiligheid van die praktyk reeds deur hul Wet op Voedings-, Skoonheids- en Ontsmettingsmiddels gedek is en DAFF beheer die kwaliteit daarvan.

Die huidige konsepregulasie is nog by DAFF en die beloofde interaksie met generaal Cele moet nog plaasvind. Ons het ten einde laaste toegang tot die proefskrif gekry wat deur 'n vorige werkgewer van DAFF saamgestel is. Dit is blykbaar gebruik om die huidige konsepontwerp te lei. Ons is besig om dit te hersien. Dit is voldoende om te noem dat daar groot kommer is oor die toepassing van wetenskaplike stiptheid. Ons sal die proefskrif met DAFF en ander partye bespreek.

Ons het ook 'n gedeelte van die kontraknavorsing oor pekelwater vir DAFF gedoen. Dit gaan deur dieselfde hersieningsproses. Dit is duidelik uit die twee verskillende navorsings hoe gevaarlik dit is om tot 'n gevolgtrekking te kom sonder om seker te maak dat jy die projek vestaan en duidelikheid het daarvoor. Die basiese uitgangspunt van pekelwater is dat jy iets verdun en dit kom as iets sleg voor. Dit is dus maklik om intellektueel lui te wees en nie die ware uitkoms te bevraagteken nie. Die uitkoms is egter baie duidelik: dit is die goedkoopste manier om hoendervleis (sonder bene en pekelwater) te koop, en deur die pryspunt te verlaag, het die kleinhandelaar meer Suid-Afrikaners aangemoedig om die diereproteïen-inhoud van hulle diëet te verhoog.

dti Pluimvee Ontwikkelingsplan

Die dti het weer oor hulle pluimvee ontwikkelingsplan vergader. Soos baie van julle seker al agter gekom het, het die dti die laaste paar jaar hard gewerk om die nywerheid te help groei, te transformeer en te ontwikkel. Hulle het dit al gedoen toe ons verhouding met DAFF nog nie so goed was soos nou nie. Die rol van die dti is om die prosesse en uitvoere te hanteer. Daar is 'n oorvleueling met DAFF. DAFF is die bewaarders van produksie en dit sal aangedryf word deur die landboubeleid-aksieplan. Baie goeie nuus is dat die dti nou vorentoe beweeg met die aanwysing van pluimvee in terme van die Wet op Voorkeuraankope. Dit beteken dat staatsinstellings pluimvee van plaaslike handelaars moet aankoop en verkieslik van HDI-producente. Dit is baie goed vir die marktoetrede van kleiner en nuwe boere.

Projek van die Gauteng Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling (GDARD)

GDARD het ons verlede Desember geld gegee om 'n geïntegreerde braaikuikenwaardeketting-projek in Gauteng te ontwikkel. Die eerste abattoir wat ons besoek het was nie geskik vir die behoeftes van die projek nie en ons het weer notas met GDARD vergelyk oor die volgende stappe. Ons wil hê hulle moet moontlike terreine vir die abattoir, die gebiede vir landbou, ensovoorts, bepaal omdat dit hulle geld is. Ons kan dan 'n span inbring om pertinente raad te gee. GDARD is baie gretig om Mars toe en terug te gaan in een dag, en ons ook, maar dit het tyd nodig om die projek ordentlik te doen. Die SAPV wil aan 'n suksesvolle projek gekoppel word, nie 'n verlate hoop geblaasde stofbeton aan die

einde van 'n stowwerige pad nie. Die samewerkende benadering is beslis 'n model wat ons graag in die res van die land wil sien.

Algemeen

Die SAPV het DAFF se begrotingsdebat in die parlement bygewoon en daarna aandete saam met die minister en nog 150 ander gaste geniet. Ons is dankbaar vir die geleentheid om senior amptenare, politici en kollegas van ander landboubedrywe te ontmoet.

Lees asseblief die verslag oor laagstelsel hoenderhuise deur die Internasionale Elektro-tegniese Kommissie (IEC). Ons het hulle toestemming om dit as insetsel in dié uitgawe van die Bulletin te plaas. Die goed voorbereide verslag gee 'n gebalanseerde beeld van laagstelsel hoenderhuise regoor die wêreld. Soos te verwagte is ons hoenderhuise hoofstroom in 'n globale konteks. Dit laat ons toe om 'n lae koste eierprodusent te wees wat in die behoefte aan goeie gehalte proteïene vir 'n voedingsbehoefte bevolking voldoen.

Twee nuwe gekoöpteerde posisies is in die bestuurskomitee geskep volgens 'n besluit op die laaste bestuurskomitee-vergadering. Dit is gevul deur Aziz Sulliman en Achmat Brinkhuis van die huidige Ontwikkelende Pluimveeboere-organisasie komitee. Ons verlkom hulle tot die bestuur van die SAPV.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte